**13 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 9 en 10**
**Fokusgedeelte: Psalm 9**

**Oorwinning is genade van God**

Hierdie Psalm is 'n oorwinningslied. Dit is nie 'n oorwinning waarin "ek" (Dawid) 'n rol gespeel het nie, maar die oorwinningslied van 'n gelowige. Dit is nie 'n oorwinningslied waarin "ek" dit gedoen het, of waarin "my" krag die vyand oortref het nie. Dit is 'n *gelowige* se oorwinningslied. Daar word erken dat "*toe U verskyn het*, *het my vyande gevlug*" (9:4). Dis 'n oorwinningslied waarin nie net die vyande God se mag en majesteit gesien het nie, maar die digter ook onder die indruk daarvan gekom het dat God regverdig is. God laat geen onreg onvergeld bly nie. Hy is só onder die indruk van die geregtigheid van God dat hy selfs roep: *"Wees my genadig*, *Here* …" (9:14).
Al het Dawid se hand die swaard hanteer, is dit nog God se geregtigheid wat oorwin het. Hy was die Koning op die troon en nie koning Dawid nie. Die groot daad van verlossing deur God moet deur die Sionsvolk (God se volk) raakgesien en aan "die volke" verkondig word (9:12).
In die oorwinning sien Dawid God se geregtigheid. Daaroor juig hy. Die verbondsvolk moet dit ook sien en juig en dit moet aan die wêreld vertel word. Dit is immers die mens se roeping op die aarde. In die Ou Testament moes die nasies van die wêreld in Abraham geseënd wees. God se wonderdade aan Israel moes gesien en vertel word.
Daardie roeping om getuie in hierdie wêreld te wees, het nog nooit verander nie. Ons is nog steeds geroep om getuies te wees van die wonderdaad van God se verlossing deur Jesus Christus. Jesus se koms en versoeningswerk was ook 'n daad van God se geregtigheid. Ons moet dit raaksien en daaroor verwonderd wees, dan sal ons ook met blydskap daaroor na buite vertel. 'n Mens kan so maklik behep raak met jou oorwinnings – jou klein persoonlike oorwinnings – dat ons die sorgende hand van die Here nie raaksien nie.

*Sing: Psalm 99:1*

*Dr. DJS Steyn (Emeritus)*